Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 10

# NOVEMBER 2018

# REKENINGKUNDE V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n 10-bladsy antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ʼn Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag ʼn nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag ʼn donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Alle bewerkings moet tot EEN desimale plek getoon word, waar van toepassing.
7. ʼn Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir die beantwoording van elke vraag te hou.

| **VRAAG 1: 35 punte; 30 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Rekeningkundige konsepte, Ontleding van transaksies** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Rekeningkundige konsepte<br>• Rekeningkundige vergelyking |

| **VRAAG 2: 35 punte; 30 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Etiek, Loonjoernaal, Interne beheer** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Hulpjoernaal<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Etiek<br>• Bestuur van arbeid |

| **VRAAG 3: 40 punte; 30 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Notas tot finansiële state, Balansstaat** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Notas tot finansiële state; Balansstaat<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Bestuur van bates |

| **VRAAG 4: 40 punte; 30 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Rekeningkundge konsepte, Interpretasie van finansiële state** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Konsepte; Interpretasie van finansiële state<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Beheer van terugsendings, fondse en wins |

## FORMULEBLAD GRAAD 10

$$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$$

$$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$$

$$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$$

$$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$$

$$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$$

$$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$$

Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates - voorraad) : Bedryfslaste
Totale bates : Totale laste

## VRAAG 1: REKENINGKUNDIGE KONSEPTE EN REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

**(35 punte; 30 minute)**

### 1.1 REKENINGKUNDIGE KONSEPTE

Kies die regte antwoord uit die alternatiewe voorsien. Skryf slegs die letter (A–D) langs die nommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. byvoorbeeld 1.1.6 D

1.1.1 Telefoon is ŉ ... rekening.

A balansstaat
B bate
C uitgawe
D inkomste (1)

1.1.2 Persone wat aan die besigheid geld skuld, staan bekend as ...

A debiteure.
B krediteure.
C bankiers.
D groothandelaars. (1)

1.1.3 Watter van die volgende is **nie** ŉ nie-bedryfsbate nie?

A Grond en geboue
B Handelsvoorraad
C Voertuie
D Toerusting (1)

1.1.4 Wins gegenereer deur die besigheid sal altyd ... vermeerder.

A eienaarsbelang
B bates
C krediteure
D kontant (1)

1.1.5 Watter brondokument word gebruik om goedere wat op krediet aangekoop is, aan te teken?

A Oorspronklike faktuur
B Duplikaat faktuur
C Kwitansie
D Tjekteenblad (1)

Kopiereg voorbehou 

## 1.2 REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Die bankrekening het ŉ **gunstige** saldo, tensy anders aangedui.

**GEVRA:**

Ontleed die gegewe transaksies. Noem die interne brondokument; die algemene grootboekrekening om te debiteer en krediteer asook die invloed van die transaksie op die rekeningkundige vergelyking.

**INLIGTING:**

1.2.1 Die eienaar het sy kapitaalbydrae verhoog deur ŉ elektroniese oordrag van R180 000 na die onderneming se lopende rekening te maak.

1.2.2 Koop ŉ rekenaar by DD Tegnologie. Reik ŉ tjek ter waarde van R3 800 uit.

1.2.3 Verkoop goedere op rekening aan W Willie vir R2 800. ŉ 25% winsopslag op kosprys is toegepas.

1.2.4 Koop goedere op rekening by NZ Handelaars vir R6 000 min 15% handelskorting.

1.2.5 Ontvang ŉ tjek van W Willie (sien nr. 1.2.3) na aftrekking van 5% korting. Die bank het ŉ ongunstige saldo. (30)

**[35]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: ETIEK, INTERNE BEHEER EN LOONJOERNAAL

**35 punte; 30 minute**

### ETIEK

2.1 Kies ŉ stelling uit KOLOM B wat by die etiese beginsel in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die nommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| BEGINSEL | | STELLING | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Dissipline | A | Die vermoë om voort te gaan as ŉ lonende besigheid |
| 2.1.2 | Leierskap | B | Deelname aan sosiale- en ekonomiese welsynsprojekte |
| 2.1.3 | Regverdigheid | C | Opregte toewyding en ŉ goeie werk etiek |
| 2.1.4 | Volhoubaarheid | D | Die regte van verskeie groepe word gerespekteer |
| 2.1.5 | Verantwoordelikheid | E | Beskikbaarstel van beleidsdokumente oor die hantering van moreel sensitiewe sake |
| | | F | Van elke personeellid word verwag om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy/haar dade |
| | | G | ŉ Kultuur van goeie etiese beginsels begin met die stel van 'n voorbeeld |

(5)

2.2 Lees die paragraaf en beantwoord die vrae wat volg.

**KLEIN BESIGHEDE MISLUK IN DIE BETALING VAN LEEFBARE LONE**

'Meer as ŉ derde van Suid-Afrika se klein besighede betaal hul werknemers minder as die minimum loon (soos bepaal deur die regering). Dit is gebaseer op ŉ ondersoek by 1 744 werkplekke in hierdie sektor waar bevind is dat slegs 65% aan die vereistes voldoen het.'

2.2.1 Waarom stel die regering minimum lone vas? (2)

2.2.2 Beskou jy die optrede van hierdie besighede as eties? Motiveer jou antwoord. (3)

2.3 **INTERNE BEHEER EN LOONJOERNAAL**

Super Skoon Skoonmaak Dienste is ŉ klein besigheid wat skoonmaakdienste lewer aan ander besighede in die Nelson Mandela Metropool.

Super Skoon Skoonmaak Dienste het onlangs klagtes ontvang van verskeie kliënte. Daar word beweer dat die skoonmakers dikwels in die kleedkamers vergader en daar rook en dat hul produktiwiteit nie op standaard is nie.

**GEVRA:**

2.3.1 B Mills is gereeld laat vir werk en loop vroeg op ŉ Vrydag. Watter stappe kan die eienaar van Super Skoon Skoonmaak Dienste doen om te verhoed dat dit ŉ gewoonte van sy personeel word? (3)

2.3.2 Noem TWEE interne beheermaatreëls wat die eienaar van Super Skoon Skoonmaak Dienste kan implementeer in reaksie op die klagtes ontvang oor rook in publieke areas en die swak produktiwiteit van sy personeel. (4)

2.3.3 Stel die Loonjoernaal vir die week geëindig 26 Oktober 2018 op. (18)

**INLIGTING:**

A Uittreksel uit die bywoningsregister op 26 Oktober 2018.

| BYWONING | WERKNEMER | N KUNENE | A XAXA | B MILLS |
|---|---|---|---|---|
| MAANDAG | TYD IN | 07:00 | 08:00 | 08:30 |
| | TYD UIT | 12:00 | 13:00 | 12:00 |
| | TYD IN | 13:00 | 14:00 | 13:00 |
| | TYD UIT | 17:00 | 17:00 | 16:00 |
| DINSDAG | TYD IN | 06:00 | 08:00 | 08:00 |
| | TYD UIT | 12:00 | 13:00 | 12:00 |
| | TYD IN | 13:00 | 14:00 | 13:00 |
| | TYD UIT | 17:00 | 17:00 | 17:00 |
| WOENSDAG | TYD IN | 06:00 | 08:00 | 08:30 |
| | TYD UIT | 12:30 | 13:00 | 12:00 |
| | TYD IN | 13:30 | 14:00 | 13:00 |
| | TYD UIT | 17:00 | 17:00 | 16:00 |
| DONDERDAG | TYD IN | 07:00 | 08:00 | 08:00 |
| | TYD UIT | 13:00 | 13:00 | 12:00 |
| | TYD IN | 14:00 | 14:00 | 13:00 |
| | TYD UIT | 18:00 | 17:00 | 17:00 |
| VRYDAG | TYD IN | 08:00 | 08:00 | 08:00 |
| | TYD UIT | 12:00 | 13:00 | 14:00 |
| | TYD IN | 13:00 | 14:00 | - |
| | TYD UIT | 16:00 | 17:00 | - |
| **TOTALE URE GEWERK:** | | **45** | **40** | **35** |

B Super Skoon Skoonmaak Dienste pas die volgende toe:

- Gewone loontarief, R20/h
- Gewone werkweek, 40 uur
- Oortydtarief, 1,5 maal die normale loontarief

Aftrekkings:

- LBS – 18% van bruto loon
- WVF – 1% van bruto loon
- Wees Seker Pensioenfonds – 8% van basiese loon

Bydraes:

- WVF – 1% van bruto loon
- Pensioenfonds – R2 vir R1 basis

**35**

## VRAAG 3: NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE EN BALANSSTAAT

**40 punte; 30 minute**

Die inligting voorsien het betrekking op Wêreldwye Handelaars vir die finansiële jaar tot 28 Februarie 2018.

**GEVRA:**

**TOON ALLE BEWERKING OM DEEPUNTE TE VERDIEN.**

3.1 Stel die volgende notas tot die finansiële state op:

- Vaste bates (10)
- Voorraad (3)
- Handels- en ander ontvangbares (4)
- Handels- en ander betaalbares (6)

3.2 Stel die Balansstaat op 28 Februarie 2018 op. (17)

**INLIGTING:**

Voor-aansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2018

| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | **Debiet** | **Krediet** |
|---|---|---|
| Kapitaal | | 205 546 |
| Onttrekkings | 35 000 | |
| Grond en geboue | 150 000 | |
| Voertuie | 85 000 | |
| Toerusting | 50 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering: Voertuie | | 25 260 |
| Opgehoopte waardevermindering: Toerusting | | 20 200 |
| Vaste Deposito: Oostelike Bank (9% p.j.) | 25 000 | |
| Debiteurekontrole | 26 882 | |
| Bank | 15 000 | |
| Handelsvoorraad | 31 440 | |
| Wisselgeld | 600 | |
| Kleinkas | 300 | |
| Lening: Bid Bank (8,5% p.j.) | | 120 000 |
| Krediteurekontrole | | 32 860 |
| | | |
| Nominale rekeninge-afdeling | | |
| Verkope | | 433 900 |
| Koste van verkope | 245 819 | |
| Debiteure-afslag | 2 680 | |
| Huurinkomste | | 38 000 |
| Rente op lening | 6 990 | |
| Fooi-inkomste | | 70 235 |
| Advertensies | 8 384 | |
| Salarisse en lone | 155 000 | |
| Telefoon | 3 995 | |

| | | |
|---|---|---|
| Water en elektrisiteit | 3 385 | |
| Versekering | 12 000 | |
| Skryfbehoeftes | 3 459 | |
| Oninbare skuld | 4 557 | |
| Bankkoste | 2 988 | |
| Korting toegestaan | 2 455 | |
| Korting ontvang | | 2 260 |
| Rente op vaste deposito | | 889 |
| Afleweringskoste | 3 766 | |
| Oninbare skulde ingevorder | | 550 |
| | 874 700 | 874 700 |

**Aansuiwerings en addisionele inligting:**

1. Die vaste deposito is op 1 Julie 2017 vir ŉ tydperk van vier jaar belê. Maak voorsiening vir die uitstaande rente.

2. Die leningsooreenkoms bepaal dat paaiemente van R20 000 jaarliks op 31 Augustus betaal word. Suiwer die rente aan.

3. Langeni Handelaars huur sedert 1 Julie 2017 kantoorruimte. Huur is tot einde April 2018 ontvang.

4. Volgens ŉ fisiese voorraadopname is die volgende voorhande:
   - Handelsvoorraad 31 918
   - Skryfbehoeftes 315

5. Waardevermindering vir die jaar is as volg:
   - Voertuie teen 20% per jaar op die verminderde saldo metode. ŉ Voertuig met ŉ kosprys van R40 000 is op 1 September 2017 aangekoop en korrek aangeteken.
   - Toerusting teen 15% per jaar op kosprys.

6. Gedurende die jaar is ŉ ekstra stoorkamer teen ŉ koste van R20 000 aangebou. Hierdie transaksie is aangeteken.

**40**

## VRAAG 4: REKENINGKUNDIGE KONSEPTE EN ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

**40 punte; 30 minute**

### 4.1 REKENINGKUNDIGE KONSEPTE

Kies die regte woord uit die lys voorsien vir elk van die stellings gegee.

| Likiditeit; solvensie; winsgewendheid; opbrengs op belegging |
|---|

4.1.1 Hoe doeltreffend ŉ onderneming is.

4.1.2 Of die eienaarsbelang elders beter beloon sal word.

4.1.3 Hoe stabiel die onderneming is om op die langtermyn te kan oorleef.

4.1.4 Of die onderneming in staat is om sy korttermyn-skuld te betaal. (4)

**INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE STATE**

### 4.2 SWIFT HANDELAARS

Die onderstaande inligting verwys na Swift Handelaars op 28 Februarie 2018. Vergelykende syfers van die vorige jaar word voorsien.

**GEVRA:**

**ŉ Formuleblad is voorsien.**

**Alle bewerkings moet tot EEN desimale plek getoon word.**

Bereken die volgende verhoudings vir 2018 en lewer kommentaar soos aangedui:

4.2.1 Bedryfsverhouding (6)

4.2.2 Vuurproefverhouding (3)

4.2.3 Vergelyk hierdie resultate met dié van 2017 en lewer kommentaar oor die likiditeit van die onderneming. (4)

4.2.4 Bereken die opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang. (6)

4.2.5 Behoort die eienaar met hierdie opbrengs tevrede te wees? Motiveer jou antwoord. (3)

**INLIGTING:**

| | |
|---|---:|
| Kapitaal (1 Maart 2017) | 400 000 |
| Netto wins | 90 000 |
| Handelsvoorraad | 46 500 |
| Krediteure | 26 000 |
| Onttrekkings | 70 000 |
| Debiteure | 33 000 |
| Oortrokke bank | 24 000 |
| Wisselgeld | 2 500 |
| Bedryfsverhouding (2017) | 2 : 1 |
| Vuurproefverhouding (2017) | 1,5 : 1 |

## 4.3 LS REKENAARS

**GEVRA:**

4.3.1 Bereken die winsopslag persentasie vir 2018. (3)

4.3.2 Gee TWEE redes vir die afwyking van die winsopslag teiken van 40%. (4)

4.3.3 Die winsopslag vir 2017 was 50%. Watter invloed het die verandering in winsopslag op die besigheid gehad? Haal syfers aan om jou antwoord te ondersteun. (2)

4.3.4 LS Rekenaars spandeer minder op nasionale advertensies en fokus nou op plaaslike advertensies. Was hierdie besluit tot hul voordeel? Haal syfers aan om jou antwoord te ondersteun. (3)

4.3.5 Watter persentasie van verkope word aan salarisse en lone spandeer? (2)

**INLIGTING:**

| | 2018 | 2017 |
|---|---:|---:|
| Verkope | 810 000 | 645 000 |
| Koste van verkope | 600 000 | |
| Bruto wins | 210 000 | 215 000 |
| Winsopslag teiken | 40% | 50% |
| Advertensies | 30 000 | 55 000 |
| Salarisse en lone | 64 800 | |
| Netto wins | 150 000 | 136 000 |

**40**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou